Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

## AANKONDIGINGS:

- Gelukkige Verjaarsdag aan: Nico Els, Sondag 11 Januarie / Alwyn Fouche, Maandag 12 Januarie / Susan van der Sandt, Woensdag 14 Januarie / Elsie van Eeden, Donderdag 15 Januarie / Cornelis White, Vrydag 16 Januarie / Gerda du Plessis, Saterdag 17 Januarie. Vir hierdie spesiale dag wens ons julle alles van die beste toe!
- Ons deel graag ons webblad se rekord besoeke vir 2025: 202, 471. Die sewe lande met die beste besoeke in volgorde van meeste besoeke na minder besoeke: Suid-Afrika, Indonesië, VSA, Japan, China, Rusland en Kanada. My doktorale proefskrif is die vierde meeste besoek en dan is die res van die top tien besoeke aan artikels oor ‘n wye spektrum van onderwerpe. Moenie vergeet om ons gemeente se webblad te gaan besoek vir foto’s, preke, artikels, die kalender en sommer nog baie meer.
- Die BURGER-KUIER-OGGEND vind hierdie jaar plaas op Sondag 22 Februarie na die erediens. Vir R100 kry jy twee kaasburgers! Kry jou kaartjie deur

jou naam op die lys in die kerkkantoor te gaan skryf en die R100 per kaartjie te betaal. Ons gaan lekker kuier!

## LIEF & LEED:

- Oom Gert en tannie Chrissie Potgieter was op Dinsdag 6 Januarie 2026 64-jaar getroud. Dit is 'n besonderse mylpaal en ons wens hulle van harte geluk. Ons is saam met hulle ook dankbaar vir die genade wat hulle oor jare saam ontvang het.

## KLOK:

God is hier teenwoordig. Here, gee ons vrede, wees genadig, wil vergewe.

## TOETREDE:

Ons gaan nou staan om die Here te loof met 'n Psalm, die votum, seëngroet en 'n Lofgesang.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

## Psalm 146: 1, 2 en 8 ~ Prys die Heer met blye galme, o my siel, daar's ryke stof!

## VOTUM:

1 Petrus 1: 3-4, 1983: Aan God, die Vader van ons Here Jesus Christus, kom al die lof toe! In sy groot ontferming het Hy ons die nuwe lewe geskenk deur die opstanding van Jesus Christus uit die dood. Nou het ons 'n lewende hoop op die onverganklike, onbesmette en onverwelklike erfenis wat in die hemel ook vir julle in bewaring gehou word.

## SEËN:

Geliefde gemeente; die God van ontferming lê nou sy hand op jou en my terwyl Hy ons in die oë kyk en groet met: "Genade en vrede vir julle!"

## LOFLIED:

VONKK 347: 1-3 ~ Heer, u kerk oor al die eeue wil u goedheid graag gedenk.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

## Hoe behoort ek te lewe?

*Elkeen vir homself en die duiwel vir die res*. Dit is grotendeels die lewensbeskouing van die 21ste-eeuse mens. As jy bo wil uitkom, moet jy vir jouself sorg, want daar is nie tyd, geld of kapasiteit om oor ander besorg te wees nie. Paulus se boodskap in Filippense 2 keer egter die lewensbeskouing waarvolgens ons lewe – *die filosofie van elkeen vir homself* – heeltemal om. Die evangelie van Jesus Christus en die koninkryk van God werk immers heeltemal teenoorgesteld van die wêreld. Waar die sonde selfsug en verdeeldheid tot gevolg het, het die evangelie redding en harmonie tot gevolg. Dit word ten beste geïllustreer in die gesindheid wat daar in Jesus Christus was.

Filippense 2: 1-18, 1983 vertaling:

1Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2maak dan nou my blydskap volkome deur eensgesind te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3Moet niks uit

selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die
een die ander hoër ag as homself. 4Julle moenie net
elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van
ander.

Die voorbeeld van Jesus Christus:

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in
Christus Jesus was: 6Hy wat in die gestalte van God was,
het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets
waaraan Hy Hom moes vasklem nie, 7maar Hy het
Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te
neem en aan mense gelyk te word.
En toe Hy as mens verskyn het, 8het Hy Homself verder
verneder. Hy was gehoorsaam tot in die dood, ja, die
dood aan die kruis.
9Daarom het God Hom ook tot die hoogste eer verhef en
Hom die Naam gegee wat bo elke naam is, 10sodat in die
Naam van Jesus elkeen wat in die hemel en op die aarde
en onder die aarde is, die knie sou buig, 11en elke tong
sou erken: “Jesus Christus is Here!” tot eer van God die
Vader.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

Ligdraers in die wêreld:

12My geliefdes, julle was altyd gehoorsaam wanneer ek
by julle was. Des te meer moet julle gehoorsaam wees
nou dat ek nie daar is nie. Julle moet julle met eerbied en
ontsag daarop toelê om as verloste mense te lewe, 13want
dit is God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil
uit te voer.

14Doen alles sonder kla of teëpraat. 15Sorg dat julle bo alle
verdenking staan en opreg bly, onberispelike kinders van
God te midde van ontaarde en korrupte mense. Tree
onder hulle op as ligdraers in die wêreld 16deur die woord
van die lewe uit te dra. Dan sal ek op die dag van Christus
se koms rede hê om trots te wees, omdat dit sal blyk dat
ek my nie verniet ingespan het nie en nie verniet geswoeg
het nie. 17Julle geloof is 'n offer in diens van God. Selfs al
word my bloed daarby as drankoffer uitgegiet, is ek
daaroor bly, ja, is ek saam met julle almal bly. 18Om
dieselfde rede moet julle ook bly wees, ja, saam met my
bly wees.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

Geliefdes; dit is God se wil vir ons lewe. Staan saam met my en sing nog 'n loflied saam met my ... Gesang 175: 1 ~ Majesteit, glansryke heerlikheid!

## LOFSANG: Gesang 175: 1 ~ Majesteit, glansryke heerlikheid

## GEBED: Geloofsbelydenis

## PREEK:

Psalm 150: 1-6

1***Prys die Here!***

Prys God in sy heiligdom, prys Hom hier onder sy magtige hemelgewelf!

2Prys Hom oor sy kragtige dade, prys Hom in sy magtige grootheid!

3Prys Hom met die ramshoring, prys Hom met harp en lier!

4Prys Hom met tamboeryn en koordanse, prys Hom met snaarinstrumente en fluite!

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

5Prys Hom met simbale, prys Hom met galmende simbale!
6Laat alles wat asemhaal, die Here prys!

***Prys die Here!***

Prys die Here! Laat alles wat asemhaal, die Here prys. Prys die Here! Ons kan hierdie woorde maklik sê, soms sonder dat ons dit werklik en opreg bedoel. Iets goed gebeur in my guns, dan sê ons sommer so uit gewoonte: Prys die Here!

Dié laaste woorde van die Psalmboek is insiggewend, dit is nie ’n sug of ’n klaaglied soos ander Psalms nie, maar ’n lofprysing: “Prys die Here!” Psalm 150 is die groot finale, die klimaks van Israel se gebedeboek. Ná lof en klagte, skuld en vertroue, nood en hoop, eindig alles in hierdie Psalm met ‘n loflied. Dit is asof die Psalmboek self vir ons wil sê: wanneer alles gesê en gebid is, is die hoogtepunt wat oor bly om Here te loof.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

Psalm 150 is deel van die sogenaamde Halleluja-psalms (Psalm 146–150, ons het vanmôre die erediens begin met die sing van Psalm 146). Elke een van hierdie vyf psalms begin en eindig met die woord "Halleluja" – Dit is 'n Hebreeuse word wat in Afrikaans vertaal kan word met: Prys die Here / Laat ons die Here loof. Hierdie vyf psalms is waarskynlik gebruik in die tempel, veral by groot feeste, waar musiek en sang 'n sentrale rol gespeel het.

Ek leer vandag iets kosbaar saam met julle. 'n Lofprysing fokus nie op die mens en die mens se behoeftes nie, maar op wie en wat God is. Die fokus is nie op wat mense nodig het nie, maar op wie God vir gewone mense is.

Tradisioneel word Dawid met die Psalms verbind, maar die belangrikste hier is nie die naam van die skrywer nie, maar die gemeenskaplike stem van God se volk wat saam lof bring.

"Prys die Here" – wat beteken dit?

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

Die Hebreeuse woord halal beteken om te roem, te verheerlik, om iemand se grootheid openlik te verkondig. In Engels sal ons die Hebreeuse woord hala soos volg kan verklaar: ... *to jump, dance, to be loud and clamorous*.

*Prys die Here* is dus nie net 'n innerlike gevoel nie, maar 'n openbare erkenning: God is groot, God is goed, God is waardig. Hoor ons hoe die klem in lofprysing op God val. Ons kan dus nie argumenteer en sê ek is mal oor lofprysing (worship), want dit is *vir* my so lekker nie! Die waarde van lofprysing lê nie in hoe lekker dit vir my is nie, maar in hoeveel dit van God sê.

Waarom prys ons die Here? Prys Hom oor sy magtige dade, prys Hom oor sy grootheid" (vers 2). Ons lof rus op God se dade in die geskiedenis en sy wese – wie Hy is. God se redding, trou en krag roep lof uit. Dink aan die geboorte van Jesus en die nuwe begin wat dit vir my tot gevolg het.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

Waar prys ons Hom? “Prys God in sy heiligdom, prys Hom in sy magtige hemelruim” (vers 1). Met ander woorde: oral. In die kerk én in die hele skepping. Daar is geen plek waar God nie lof waardig is nie.

Hoe prys ons Hom?
Met my stem, trompet, harp, lier, tamboeryn, snaarinstrumente, fluite en simbale. Die hele musikale spektrum word ingespan. Alles wat klank kan maak, word ’n instrument van lof.

En dan die hoogtepunt: “Laat alles wat asem het, die Here prys!” (vers 6). Lof is nie beperk tot priesters of sangers of orkeste of kore of pragtige stemme nie. Elke lewende wese, elke asemteug, is bedoel vir God se eer.

Dan wil ek vandag ook daarop wys dat ons die Here nie net met sang prys en loof nie. Psalm 150 beklemtoon wel een van die maniere van lofprysing, naamlik musiek, maar die Bybel leer ons dat lof veel wyer strek.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

Vandag prys ons die Here:

- Wanneer ons barmhartigheid beoefen in ’n arm en gebroke samelewing.
- Wanneer ons getrou werk, en al ons gawes tot seën van ander mense en God gebruik.
- Wanneer ons vergewensgesind leef, selfs en veral waar dit moeilik is.
- Wanneer ons hoop kies te midde van onsekerheid.

Kom ons gaan dink bietjie vandag en hierdie week aan al die maniere waarop ons die Naam van God kan loof. Praat met jou kinders daaroor, jou vriende en kollegas. En onthou ons lewens word ’n loflied wanneer dit wys na God se karakter.

*Prys die Here* gaan hand aan hand met blymoedigheid en dankbaarheid. Blymoedigheid is nie oppervlakkige vrolikheid nie, maar ’n diep vreugde wat rus in God se trou. Dit het mode geraak om nie meer nuwe jaar voornemens te hê nie, maar ‘n woord vir die jaar te kies. Die dosente van die Hervormde Kerk het die woordjie

blymoedigheid gekies. Wat sal jou persoonlike woord vir die jaar wees? Dankbaarheid is nog so 'n woord wat pas by die behoefte om Die Here te prys, dit is die erkenning dat alles wat ons het, God se genade is. Selfs in tye van swaarkry kan lof nog klink, omdat God getrou bly.

Psalm 150 nooi ons om ons fokus te verskuif: weg van onsself, na God toe. Wanneer ons God prys, word ons harte gelig, ons perspektief verbreed, ons hoop versterk.

Gemeente, mag ons leer om met ons stemme én met ons lewens te sê: Prys die Here! In die kerk en in die wêreld, in vreugde en in beproewing, met elke asemteug wat God ons gee. Halleluja ~ Prys die Here!

Amen.

## SLOTSANG: Staan

Gesang 203: 1-3 ~ Loof die Here, al wat lewe wil Hom dank en hulde bring.

Tekste: Gesang 159: 2; 1 Petrus 1: 3-4, 1983; Filippense 2: 1-18, 1983.
Fokus teks: Psalm 150: 1-1-6, 1983.
Liedere: Psalm 146: 1, 2 en 8; VONKK 347: 1-3; Gesang 175:1; Gesang 203: 1-3; Gesang 207: 1-3.

---

## SEËN: Staan

Mag ons al hoe meer gee, offer en dien deur die troos van Christus, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, en die innige meegevoel en meelewing van God. Amen

## WEGSENDING: Staan

Gesang 207: 1-3 ~ Eer aan die Vader.